

Skriflesing: Mattheus 5: 1-12

Teks: **Mattheus 5:3-12**

Sing: VOORAF SANG – Ps. 98:1,2

TYDENS EREDIENS –Ps. 100:1,2; Ps. 91:1, 6; Ps. 31:4, 15; Ps. 145:1,5

Mattheus 5: 1-12

Mat 5:1 Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom,

Mat 5:2 en Hy het hulle geleer en gesê:

Mat 5:3 "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

Mat 5:4 Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.

Mat 5:5 Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.

Mat 5:6 Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.

Mat 5:7 Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Mat 5:8 Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

Mat 5:9 Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

Mat 5:10 Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

Mat 5:11 Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê.

Mat 5:12 Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.

Skriflesing: Mattheus 5: 1-12

Teks: **Mattheus 5:3-12**

Sing: VOORAF SANG – Ps. 98:1,2

TYDENS EREDIENS –Ps. 100:1,2; Ps. 91:1, 6; Ps. 31:4, 15; Ps. 145:1,5

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het vandag die begin van 'n preek gelees. Jesus se eerste amptelike preek toe Hy so omtrent 30 jaar oud was. Ons weet hoe lank was Jesus se bediening op aarde. Ná hierdie preek het Hy nog tyd, tye en 'n halwe tyd op hierdie aarde gelewe vóór Hy gekruisig sou word. Met ander woorde gesê ná hierdie preek was Jesus nog twee en veertig maande, of anders gesê drie en 'n halwe jaar, of nog weer anders bereken was Jesus nog 1260 dae op hierdie aarde gewees. Hierdie getalle so pas genoem word getalle wat ons in Openbaring ook weer net so vind (vgl. Op 12:14; Op 13:5).

Aan die begin van wat as deel van God se heilige berekening ook vir sy Seun op aarde sou geld, is nie net die getalle waarmee God werk heilig nie, maar watter besonder heilige preek het ons vandag dié begin gelees. As dit die HERE se wil mag wees wil ons hiervan ook 'n reeks maak, om regtig 'n slag te hoor en te probeer verstaan wat Jesus se eerste preek op aarde alles ingesluit het.

Dikwels word na hierdie eerste preek van Jesus ook verwys as die *Grondwet van die Koninkryk*. Dadelik besef ons dat God se koninkryk is 'n hemelse ryk. Tog word ons hier op aarde gebind

aan wat God in die hemele van ons verwag. Hierdie wet of dan nou grondwet is hoe God wil daar geleef moet word. Uit hierdie grondwet word gebore 'n nuwe samelewing. Ons kan dit dalk selfs 'n nuwe orde noem, heeltemal in teenstelling met hoe die waardes en gerigtheid en gebruike van die meerderheid mense hier op aarde is. Mense wat nie deel vorm van wat die Koninkryk van die hemele is nie. Duidelik is God nie Één demokraties ingestel op hoe dinge gedoen moet word nie. Dikwels is dit maar die klein getalle, die minderheid, die klein oorblyfsel wat by God die belangrikste word en die deurslag moes gee. Josua was maar een van twee wat teen die oormag van verspieders sy advies moes gee toe dit gegaan het of hulle die beloofde land moes intrek of nie.

Die koninkryk van die hemele en dan beslis die grondwet van die Koninkryk is bedoel vir 'n unieke tipe mens met heeltemal 'n eiesoortige lewe wat nie agter elke bos uitgeskop word nie. Een wat weet hoe arm hy/sy is, word waarlik gelukkig genoem, een wat treur word by die gelukkiges gereken; ook kan ons verwys na die sagmoediges, die wat honger en dors na wat reg is... so kan ons aangaan. As jy onder die heerskappy van die Koninkryk van die hemel gestel word dan lyk jou lewe net anders en jou kyk op die lewe is gewoon ook net anders!

Dadelik besef ons ook vandag dat as Jesus God se Grondwet vir sy koninkryk openbaar, dan doen Jesus dinge nie verwyder van hoe dit in die Ou Testament gebeur het nie. Dis aangrypend hoe Jesus by die bekendmaking van die Grondwet langs Moses van ouds kom staan. Jesus laat dinge gebeur in lyn met hoe Moses dit gedoen het. Ook toe Moses God se Wet by die berg Sinai ontvang het en vir die volk die Wet moes deurgee. Heel aan die begin het ons gelees Jesus het die berg opgegaan om sy volk te leer. Hierdie "opgaan" wil direk aansluit by hoe Moses ook die Sinai berg opgegaan het by die ontvangs van die Tien Gebooie. Alles sluit so direk by Moses aan maar tog is die Wetgewer, die wetgewing en selfs die nakoming van wat hierdie Grondwet vereis deel van wat Jesus alleen kon doen as Hy die nuwe openbaring deur 'n nuwe Wetgewer bekendmaak.

As Mattheus vir ons hierdie eerste preek noukeurig opskryf dan laat hy ons duidelik verstaan hierdie Jesus praat met nog baie meer gesag as wat Moses kon gepraat het. So skryf Mattheus ook aan die einde van die bergpreek in Mattheus 7:28-29 dat in wat Jesus gesê het, was die skare

oor sy onderrig verbaas gewees. Ook lees ons Jesus het geleer soos Iemand met gesag en nie soos daardie tyd se skrifgeleerdes nie. Dit staan ook nie verniet daar dat as die bergpreek afsluit word spesifiek genoem dat Jesus toe weer teen die berg afgeklim het. Weer in lyn met Moses want ook hy het teen die berg Sinai afgeklim na hy die Wet kon ontvang het (vgl. Eks 19:14; Eks 32:1; Eks 34:29).

As ons wat vanoggend die Wet van die Here kon lees, die Tien Gebooie en nou het ons die begin van die Grondwet van God se koninkryk ook gelees, besef ons een van die groot kernwoorde wat Jesus by Moses wil aansluit is die woord *geregtigheid*. Jy as kind van God, jy as deel van God se koninkryk, God het jou reeds 'n burger van sy hemelse ryk gemaak weet ek en jy werklik wat God van ons verwag. Ons mag nie twyfel dat Jesus is 'n unieke Koning wat oor sy eie ryksgebied regeer, maar Jesus wil vir jou en my nie in die duister laat nie. Hy wil dat ons moet weet hoe ons lewens moet lyk as ons as burgers van God se koninkryk ook op aarde lewe. Vir God is dit van die uiterste belang dat ons die reg wat God op alles het eerste sal stel voordat daar van enige regte van ons kant sprake kan wees.

Maar dan doen God 'n baie interessante ding wat jou en my lewe in alle opsigte moet aangryp. As God sy regte eerste stel dan wys God hoe gelukkig is jy as mens om by die regte van God te mag lewe. God spreek jou nege keer salig, ander onderskei selfs tien saligsprekinge! En al hierdie saligsprekinge het eintlik deurgaans dieselfde struktuur. Eerste is 'n besonder genadige toesegging, geseënd is jy, salig is jy is waarmee al hierdie saligsprekinge begin. En na hierdie besondere seën, dan maak God 'n appèl op jou en my m.a.w. God sê vir jou dit wat jy ook moet doen. God sal jou seën maar dit val nie maar sommer uit die lug uit nie. As ons kyk na die eerste saligspreking- 3 *“Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.* Die ouer Vertaling stel dit- 3 *Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele..* Die 2020 Vertaling stel dit - 3 *“Gelukkig is die armes van gees, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.*

Uit hierdie besondere genadige toesegging wat vir jou sê hoe geseënd, hoe gelukkig jy as burger van God se koninkryk mag wees, ja dit gaan oor ware geluk wat net by Jesus gevind kan word. Dan kom die appèl dat jy as burger van God se ryk moet besef hoe afhanklik jy van God is. Hoe

arm jy in jousef is. Ek het so baie tekortkominge.. Ek maak so baie foute. Nooit kan ek te selfversekerd wees nie. Wees bang vir jousef as jy te veel van jousef dink. Steek jou trots in jou sak want uit jousef kan jy niks voor God verdien nie.

Ja, geliefdes dit klink dalk nie lekker om dit te hoor nie, maar die woord wat hier gebruik word, *Salig is die wat arm van gees is ...* Die spesifieke uitdrukking *arm van gees* wys uit myself kan ek eintlik maar net 'n bedelaar vir God wees. Iemand wat in die geestelike dinge altyd God se sorg sal benodig. Nooit sal ek vir myself volkome kan sorg nie. In die sin is ek altyd sorgbehoewend, ja ek is in alles volkome van God afhanklik. Die appèl wat die eerste saligspreking maak is dat jy dit moet weet, dat jy moet erken, sonder God kan ek niks reg doen nie en sal ek ook in die geestelike van my lewe niks regkry as God nie ten volle daarvoor sorg nie.

Dit klink dalk swaar om hierdie eerste saligspreking so te hoor, maar besef u dit vorm die basis, die grondslag van Jesus se leer. Al die dinge wat Jesus vêrder in sy bergpreek gaan sê bou as't ware op hierdie eerste saligspreking voort. M.a.w. eerste hoe jy werklike geluk by Jesus kan vind, in die opsig is jy geseënd (is jy reeds salig), tweedens werk elke saligspreking met die appèl wat God op jou maak, dit wat God van jou verwag, maar al die saligsprekinge het ook nog 'n derde aangrypende toevoeging. God maak aan jou bepaalde beloftes! U kan maar al hierdie saligsprekinge vergelyk. As jy werklik arm van gees is, dan sê God ... aan hierdie mense behoort die koninkryk van die hemele. Groter kan dit nie, God se eerste belofte by sy eerste saligspreking is om vir jou en my by sy koninkryk in te lyf.

God gee jou die grootste geskenk wat daar gegee kan word nl. hulle wat arm van gees is, ontvang die koninkryk van God. Die kuns van ewige geluk, die reg wat God jou in sy koninkryk mee indeel is kyk weg van jousef en sien God raak. Ons kan dit dan ook noem die basis van Jesus se hele preek. En dan neem God jou op 'n pad of jy kan met God 'n besondere hoë berg uitklim en elke deel van die moeilike pad wat ek en jy in ons lewe moet loop volg eintlik dieselfde patroon.

As jy op die oomblik baie hartseer is, jy treur om welke rede ook al... *Gelukkig is dié wat treur,*

want hulle sal vertroos word. Wat bedoel Jesus hiermee?! Jesus bedoel jou werklike trane moet wees oor die wêreld so stukkend is, oor ons lewens so gebroke is, oor my hart so dikwels gevul is met die verkeerde motiewe. Ek is gierig, of ek loop rond met kwade gevoelens, ek wil myself laat geld. Of ek het dalk heeltemal die verkeerde gedagtes oor wat God se kerk is, hoe ek dink die Here se kerk moet lyk. Ja, ek beskou nie Jesus as die enigste Hoof van sy kerk nie. Inteendeel, ek wil baas wees, dan is jy nie arm van gees nie en jy sal ook nie oor die regte dinge treur nie. Jy sal dalk treur oor verliese wat ek en jy dalk mag ervaar, maar ons treur dan nie oor die dinge wat God hartseer maak nie. As ek oor my en die wêreld se sonde gebrokenheid werklik hartseer is, ja ek stort daarvoor my hart voor God uit, dan kom God se belofte. Hy sal jou troos.

God sal die volgende tree met jou op die berg van jou lewe gee, alles volg 'n opwaartse lyn - *Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe* (1933 '53 Vert). Hoe aangrypend om sagmoedig te wees is om jousef te sien soos sagte klei in die hande van God. God is die Pottebakker en jy is die klei. Weet u wat vorm God uit sulke klei. Hy maak 'n mens uit hierdie klei wat reeds die testament van God se aarde mag vashou. Een wat nie net 'n plaas gaan erf nie, maar die aarde. Die Grieks vir hierdie nederigheid is die woord *praus* ... wat ook vertaal kan word as nederigheid. Jy is 'n mens wat jousef kan onderwerp is die direkte betekenis. Alles begin natuurlik dat ek en jy aan God onderworpe wil wees. Dit het niks met lamsakkigheid te make nie maar jy is nederig met beheerste krag. Jy besef ek kan nie maak en breek nie! Die Spreuke digter beskryf dit aangrypend, eers in Spreuke 16 vers 32 – *Die lankmoedige is beter as 'n held; hy wat sy gees beheers is beter as een wat 'n stad inneem.* En dan lees ons later in Spreuke 25 vers 8 – *'n afgebreekte stad sonder 'n muur, so is 'n man wat sy gees nie kan inhou nie.*

En dan volg die volgende groot tree, eintlik twee groot treë wat jou en my lewensberg ook moet wees, dit waarmee ons hierdie berg moet uitklim. Dit wat ware geluk, ware vreugde en blydskap ook in jou en my lewe insluit is dat *reg* gaan op 'n besondere manier die *liefde* vooraf. Wees honger en dors na wat *reg* is, dit moet jou lewe volmaak, letterlik jy sal daarmee versadig kan word. As jy *reg* kan liefhê dan maak dit jou lewe net nog meer vol. Want daar is ook 'n verkeerde verstaan van liefde asof liefde maar 'n stroperige relatiewe alles is maar *reg* liefde is,

so lank jou hart net reg is. Ek mag nie oordeel nie, ek moet elke mens sy plekkie in die son wil gee, godsdienste is maar gelyk, wees maar net lief vir jou naaste ongeag wat sy/haar godsdienste is. Watter nonsens is dit? Beslis nie dit wat Jesus ons grootste Leraar ons hier vanaf die berg leer nie. Kom u agter hoekom reg die barmhartigheid moet voorafgaan. As ek nie honger en dors na wat reg is nie, ek is nie daarmee versadig nie, hoe sal ek ooit op die regte manier barmhartigheid kan vertoon.

Hier praat ons met die ma en die pa wat weet as ek my kind reg wil opvoed moet ek my kind die regte dinge leer, moet ek die boompie buig so lank dit nog jonk is, die roede nie spaar waar daar oortree is nie. Ja ek tugtig my kind omdat ek my kind werklik lief het.

Uit hierdie geestelike ideaal van ek is honger en dors na wat reg is kom die volgende tree die berg uit, nl. wees barmhartig, wees werklik diep in jou hart meelewend, wees een wat 'n diepe gevoel het vir andere se ellende en hulle swaarkry. Hulle stukkende harte maak ook ons harte stukkend. Dis die appèl wat Jesus ook hier van jou en my eis. Onthou elke saligspreking wys hoe gelukkig jy werklik kan wees, dan die appèl wat op jou en my geplaas word en dan die belofte dat as jy barmhartig is, kan jy verwag daar ook aan jou barmhartigheid bewys sal word.

Vandag kom ons in 'n sekere sin seker op die top van die berg voordat met die volgende saligsprekinge die hoë berg van die lewe weer afgeklim kan word. Watter groter hoogtepunt kan daar wees as om God in jou lewe te mag sien. Dit gaan hier om 'n ware lewensbeskouing voordat jy seker by die grootste ideaal van alles kan uitkom, nl. dat jy 'n vredemaker en werklike kind van God genoem kan word. Ons lees vv. 8-9 in die ouer vertaling - *8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. 9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.*

Hier diep in jou hart is die uitgange van baie dinge, maar dit is in alles die uitgange van die lewe. God se hart gaan mos ook jou hart vooraf. In die vyfde saligspreking het God eintlik al van jou verwag dat jy 'n spieël vir sy hart moet wees ... *Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.* Hiermee kom jy die ruimte van God se hart binne. Weet u as God nie aan ons in ons lewens barmhartigheid bewys het nie dan sal daar van ons niks op hierdie

aarde kon oorbly nie. Jesus het aan die reg van God voldoen, ja hier gaan die reg die hart vooraf. Omdat Jesus aan God se reg in alles kon voldoen, wil God in alles aan sy kinders barmhartigheid bewys, maar dan moet jou lewe 'n spieël wees van God se hart. Dan moet jy ook barmhartigheid kan bewys. En so word die vyfde saligspreking eintlik die tafel vir die sesde saligspreking. Met die regte hartsgeïndheid, rein van hart, sal jy God kan sien. Nie soos in 'n spieël in 'n raaisel nie, net maar 'n oppervlakkige skyn van reinheid nie, maar jou hart kry oë wat dieper kyk as wat die oë in jou kop kan kyk. Jy begin raak te sien Wie God is, wat Hy doen, wat Hy waarlik ook vir jou doen. Jy sien God uit jou hart uit. Jesus die Leraar maar ook die hartspecialis maak jou hart se oë wawyd oop. In alles besef jy, nie dit wat die wêreld sê maak jou gelukkig nie, maar dit wat God doen daar lê jou diepste geluk. Om werklike uit 'n rein hart geseënd te mag wees is om God te mag sien.

Hiermee het ons gekom by die punt waar ek die berg van die lewe ook weer kan begin afklim. Ook tree vir tree. Die eerste is om vredemaker te mag wees, selfs ook as ek vervolgt word, selfs teenoor diegene wat my lewe baie moeilik wil maak. *9 Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. 10 Geseënd is dié wat vervolgt word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. 11 “Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolgt en valslik al wat sleg is van julle sê.*

Hierdie drie laaste saligsprekinge of andere voeg vv. 10-11 saam as een spreuk, maak nie saak nie, (of dit nou agt of nege of tien saligsprekinge is, eintlik vorm dit 'n geheel!) ... ons het in die einde van die saligsprekinge eintlik die begin van die grootste taak wat God op sy burgers lê nl. om sout en lig in 'n baie donker wêreld te wees. Om vredemaker te wees is nie maklik nie, maar God verwag dit van ons as ons geseënd in sy koninkryk wil leef. Om so 'n begenadigde burger in die Gods ryk te mag wees is die hoogste eer wat 'n mens toekom nie 'n titel nie, maar gewoon om kind van God genoem te mag word. Die koninkryk van God behoort reeds aan sulke mense.

Soos die saligsprekinge begin, so eindig dit, jy mag jouself nou reeds in God se koninkryk inleef, al lewe ons nog op hierdie aarde. Kom ons sê dit is tien saligsprekinge, wat dit my tog lyk dit wel kan wees, weet u u is dan vanoggend tienmaal geseënd. Vers 12 is in alles dan ook vir jou bedoel dat jou blydschap in God nou reeds sigbaar moet wees. *12 Wees bly en verheug, want julle*

loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.” Ons vreugde is nie afhanklik van wêreldse dinge nie, maar dit kom van binne af.

AMEN